# *Bosveld Jagters-en Wildbewaringsvereniging*

*Posbus 1771, Pietersburg, 0700* *Voorsitter: NICO WEPENER (nwepener@gmail.com)*
*Sekretaresse: Sophia Wepener* *Tesourier: PIETER WENTZEL (pieter@calkulus.co.za)*
*E-pos: wepeneas@telkom.co.za*

**NOTULE VAN ALGEMENE VERGADERING**
**GEHOU TE BJV SAAL PIETERSBURG 10:00 OP 17 FEBRUARIE 2018**

1. SKRIFLESING
Andre van der Merwe open die vergadering met Skriflesing en Gebed.

2. OPENING EN VERWELKOMING
Nico heet almal teenwoordig en bedank hulle van Uitvoerend se kant af vir hul tyd en opoffering om die vergadering by te woon.

3. DOELSTELLINGS
Nico lees die doelstellings van die BJV voor en noem dat dit belangrik is vir al die nuwe lede wat bygekom het om hiervan kennis te neem.

   1) Om kennis op te doen van die wild- en natuurlewe.
   2) Om met ander organisasies en instansies saam te werk wat dieselfde, en soortgelyke doelwitte nastreef as hierdie Vereniging en in die algemeen alles te doen wat bevorderlik is vir die bewaring, beskerming, aanvulling en volhoubare benutting van die wild- en natuurlewe in die algemeen.
   3) Om die jag van wild op selektiewe, oordeelkundige en etiese wyse in die algemeen te bevorder en niks te doen of toe te laat wat strydig is met enige landswet, of ordonansie met betrekking tot wildbewaring en natuurlewe in die algemeen nie.
   4) Die Vereniging is 'n **nie-wins** Organisasie.
   5) Die Vereniging is 'n **nie-politieke** Organisasie en het geen politieke affiliasie nie.
   6) Om ons kultuurerfenis van jag- en jagwapens te behou en enige bedreiging daarteen ten sterkste teen te staan. Om hierdie kultuur van jag- en jagwapens aktief uit te leef, te bevorder en uit te brei, veral onder die jeug. Om deel te wees, volgens keuse, van enige verteenwoordigende verkose liggaam, organisasie of vereniging wat op 'n geko-ordineerde wyse hierdie jag- en jagwapenkultuur beskerm en uitdra.

4. PRESENSIE, BYWONING EN VERSKONINGS

<u>Bywoning:</u> Johan Kapp, FA Heinlein, L Heinlein, Paul Grobler, Pieter Wentzel, Jan van Blerk, Hansie Botha, Andre van der merwe, Nico Wepener, Sophia Wepener, AP Dippenaar, F Cilliers, HPP Cordier, Debbie Gibson, Du Toit Uys, Jan Hoogenboezem, Dr JD Olwagen, JAW Groenewald, H Senekal, S Rodgers, A Zonker, Gerhard de Villiers, L Erasmus, Charles Pieterse, Johan Kruger, H Rautenbach, HP Grobler, Mike Gamba, Riaan Meiring, Sakkie Labuschagne, Sean Alsemgeest, Herman Kapp, Dique Smit

<u>Verskonings:</u> NW Ligthelm, Karien van der Merwe, Stephan du Plessis, Willem van Deventer, Andre La Grange, Gerald Marallich, Barend Lombard, Helgaard Wentzel, Philip Robertson, Andre Diedericks SNR

5. MOSIES:
Kennis word geneem van die volgende lid se afsterwe.

Danie Botha – Magalies tak. Ons Innige simpatie aan die familie en word hul sterkte en vertroosting toegewens.

Lief
Geen

**6. KONSTITUERING:**

'n Kworum is teenwoordig en 2018 AJV is wettig.

**7. VASSTELLING VAN AANVULLENDE SAKELYS**

**8. GOEDKEURING VAN NOTULE:**

Nico lees die notule voor van die 24 ste Oktober 2015 en 26 ste November 2016.
24 Okt 2015: Voorstel – Oom Jan van Blerk, Sekondeer – Mike Gamba
26 Nov 2016: Voorstel – Charles Pieterse, Sekondeer: Debbie Gibson

**9. PRESIDENTS VERSLAG:**

Andre van der Merwe lees sy Presidents verslag voor.

Andre noem ook dat hy graag wil sien dat BJV 'n spesifieke fonds op die been bring vir Junior opleiding. Hy sal graag wil sien dat elke betalende lid R10 kan gee per jaar sodat daar na die juniors gekyk kan word. Ons moet na 'n 5 jaar plan kyk.

**10. VOORSITTERSVERSLAG:**

Nico hou sy verslag voor. Die vergadering bedank hom vir sy terugvoer, sy tyd en werk wat hy insit.

## 11. **Finansies**

11.1 Finansiele state van 2016/17 word voorgehou. Goedkeuring van Finansiele state 2016/17 word deur die vergadering verleen.

Voorstel – Dippies Dippenaar
Sekondeer – Charles Pieterse

.

11.2 **Goedkeuring van Begroting 2018/19**

Die begroting word voorgehou aan die vergadering. Daar word ook voorgestel dat ledegelde onveranderd sal bly vir die volgende jaar en dit word deur vergadering goedgekeur.

Voorstel – Charles Pieterse
Sekondeer – Du Toit Uys

Die volgende paar punte word uitgelig wat goedgekeur is in die vergadering:

- Elke tak besit en bestuur sy eie bates
- Aansluitings fooi vir nuwe lede word afgeskaf
- Indien 'n lid sy Toegewyde status verloor weens wanbetaling moet hy/sy weer heraansluitingsgelde van R400 betaal indien hulle weer wil aansluit.
- Heraansluitings fooie word aan die takke toegedeel
- Aansluitings fooi van R150 vir Juniors word afgeskaf

.

11.4 **Aanwys van Ouditeure**

Die vergadering besluit dat Veritas steeds sal aanbly as Ouditeure.
Voorstel – Oom Jan van Blerk
Sekondeer – Andre van der Merwe

**11.5 Trofee reels**

Nico hou voorgestelde veranderings voor soos deur die Trofee komitee aanbeveel. Reel 1 op die reels verander en reel 2 word ook aangepas en bewoording verander om beter verstaanbaar te wees. Die res van die reels bly dieselfde.
Kompetisies sal op takvlak gehou word en dan saamgestel word deur trofee beampte vir uitvoerende wenners. Nico sal die nuwe getekende reels na die takke stuur.

Goedkeuring:
Voorstel – Francois Cilliers
Sekondeer – Dippies Dippenaar

**12. <u>ALGEMEEN</u>**

12.1 **Chasa**

Daar sal na die naweek met die CHASA vergadering in Oos London terugvoer gegee word ivm die besluit rakende die sportskiet en die Tyro skiet. Die idee is om indien jy net handwapen wil skiet jy dan net die sportskiet opleiding hoef te doen. Dit sal 2 x Tyro skiete insluit om jou status te verkry.
Huidiglik is die vereiste dat jy die Chasa kursus moet doen en dit gaan heel waarskynlik verander

12.2 <u>Koste vir kursusse</u>

Charles vra dat daar na die kostes van baan offisiers kursusse gekyk word om dit gratis te maak. Baanoffisiere werk hard en dit sal dien as iets terugee vir hul dienste.
Vergadering keur dit goed.

Baanoffisier kursus – Gratis
Instrukteur kursus – gratis maar betaal vir sertifikaat
Trofee meet kursus – gratis maar betaal sertifikaat
Chasa kursus R200
Chasa vra geld vir die boekie (R100) en sertifikaat (R30)
Toegewyde Jagter R200

Word algemeen deur vergadering aanvaar

13. Datum van die Volgende Algemene Vergadering: 13 April 2019 (Voorlopig) te BJV saal Pietersburg. Nico sê baie dankie vir die goeie opkoms.

AFSLUITING
Die vergadering word afgesluit en verdaag.

| | |
|---|---|
| Goedgekeur | |
| Afgekeur | |

______________________________ __________________
VOORSITTER / ONDERVOORSITTER DATUM